TAKVERGADERINGS 2011

22 Januarie 2011 In Januarie 2011 het ons die AJV gehou by die Goodwood Museum en die volgende lede is tot die bestuur verkies: Voorsitter: Andrew Kok Ondervoorsitter en Publikasies: David de Klerk Sekretaresse: Verity Lubbe (gekoöpteer) Tesourier: Paul le Roux Projekte: Simone Kay Skakel en reklame; Biblioteek: Mariana Olivier Tegnologie: Erik Eloff	
12 Februarie 2011 By ons Februarie 2011 vergadering, het ons gasspreker Ebrahim Rhoda van die Cape Family Research Forum, gepraat oor Mosterdbaai (nou die Strand) se Moslem gemeenskap.	
12 Maart 2011 Op uitnodiging is ons Maart 2011 vergadering gehou aan huis van Willem en Helene Lombard in Somerset Wes, waar hulle gepraat het oor die geskiedenis van hulle Victoriaanse Pophuis.	
9 April 2011 By ons April 2011 vergadering het taklid Marlene Goosen, van die Drakenstein Heemkring in die Paarl, gepraat oor die vervoer industrie in die Paarl 1850-1942.	
14 Mei 2011	

Gedurende ons Mei 2011 takvergadering het ons gasspreker, Jim Thorne, gepraat oor die interpretasie en noemenswaardigheid van begraafplaaskuns, ikone en simboliek.	
11 Junie 2011 Tydens ons Junie 2011 takvergadering het ons die tak se verjaarsdag gevier met ons tradisionele Bring en Brag, waartydens lede en besoekers hulle navorsing en familie erfstukke ten toon kon stel.	
9 Julie 2011 Ons gasspreker vir die Julie 2011 takvergadering was Prof JC (Kay) de Villiers. Hy het gepraat oor die ambulansbrigades wat hulp verleen het aan die Boere tydens die Anglo-Boereoorlog.	
13 Augustus 2011 Tydens die Augustus 2011 takvergadering het taklid Deon Goosen ons meer vertel oor die Gribble foto-versameling. Hierdie versameling is in die bewaring van die Drakenstein Heemkring in die Paarl waarvan Deon ook 'n aktiewe lid is.	

10 September 2011

By ons September 2011 takvergadering het taklid Jan Visagie ons meer vertel van sy onlangse bygewerkte boek , *Voortrekkerstamouers*.



8 Oktober 2011

Tydens ons vergadering – ‘n Genealogiese Rondomtalie - van Oktober 2011 het drie van ons taklede nl. Anton Verwey, Gerhard Geldenhuys en Junie McKinnon ons ‘n bietjie oor hul navorsing vertel.

12 November 2011

Dr Dan Sleigh was die spreker by ons finale jaarvergadering in November 2011.

Dr Sleigh se praatjie getiteld "*Graf langs die trekpad*" het die verhaal vertel van 'n eensame graf in die Karoo en die skakel tussen hierdie graf en Maria Mouton, die eerste vrou wat in Suid-Afrika tereggestel is weens die moord op haar man, Frans Jooste.